

10 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:1-12

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:8

Ons is die preek

“Wat kry ek daaruit?” Dit is die vraag wat mense dikwels heel eerste vra. Ons leef in ’n wêreld waar meeste mense grypers is, hulle wil alles hê en hulle wil dit nou hê. Dit was in Paulus se tyd net so. In die beginjare van die Nuwe-Testamentiese kerk was daar mense wat gedink het: “A, hier is ’n geleentheid om iets vir myself te kry ... geld of beroemdheid.”

Paulus-hulle het nie in Tessalonika kom gryp nie. Hulle het kom gee. Hulle het die evangelie kom gee. Hierdie kosbaarste skat het hulle kom gee sonder om iets daarvoor te vra. Hulle het nie geld gevra nie en hulle het ook nie respek gevra nie. Hulle het hulleself saam met die evangelie gegee. Hulle optrede in Tessalonika het Jesus uitgestal. Hy het die Goeie Nuus gebring en Hy was die Goeie Nuus. Dit is die groot wonder: Hy het Homself vir ons kom gee.

Nou sien die Tessalonisense ’n wonder: in ’n wêreld vol grypers ontmoet hulle vir Paulus en sy geselskap, mense wat gee. Hulle word ’n lewende preek in Tessalonika. ’n Preek wat vertel van God se liefde, so groot, dat Hy sy Seun gee. ’n Stroompie van daardie liefde vloei deur Paulus na die Tessalonisense.

Hoe kom jy by mense aan? Wil jy kom gryp of kom gee? Die gryper dink: Wat kan ek by hierdie mens kry, geld, plesier, aanvaarding?” Daarna maak hy planne om dit te kry.

’n Gelowige is iemand wat baie ontvang het en daarom baie het om te gee. God wil hê dat ons mense moet wees wat gee. Die een wat gee, sien sy medemense so anders. Hy sien mense wat Jesus nodig het, en dan weet hy: hulle het my nodig. Laat ek vir hulle die preek wees. Die preek wat nie net vertel dat God die wêreld liefhet nie, maar dit ook wys.

Sing: Skrifberyming 9-4 (21):1-3

Ds D van ’t Zand (Witpoortjie)